



Access fun Grade 8–12 quizzes, matric past papers, K53 learner mock tests, and NBT prep!

All in one easy-to-use app.

DOWNLOAD GO STUDY NOW



Tap on the buttons above to download the app

 www.gostudy.club



**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2017

**GEOGRAFIE V1
NASIENRIGLYN**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 13 bladsye.

AFDELING A: FISIIESE GEOGRAFIE – DIE ATMOSFEER EN GEOMORFOLOGIE

VRAAG 1

1.1 1.1.1 B✓

1.1.2 G✓

1.1.3 D ✓

1.1.4 A ✓

1.1.5 C ✓

1.1.6 F ✓

1.1.7 E ✓

(7 x 1) (7)

1.2 1.2.1 Kruin ✓

1.2.2 Talus ✓

1.2.3 Pediment ✓

1.2.4 Knakpunt


1.2.5 Eskarp ✓

1.2.6 Eskarp ✓

1.2.7 Kruin ✓

1.2.8 Eskarp ✓

(8 x 1) (8)



- 1.3 1.3.1 A – Ferrel / Middelbreedte-sel ✓
B – Hadley / Tropiese sel ✓ (2 x 1) (2)
- 1.3.2 Ontstaan binne die middelbreedtes tussen 30° en 60° noord en suid ✓
Lug daal by 30° en styg by 60° in hierdie sel ✓
(Enige EEN) (1 x 1) (1)
- 1.3.3 Die ITKS is oor die Kreefskeerkring geleë. ✓✓ (1 x 2) (2)
- 1.3.4 (a) Tropiese oostewind / Passaatwinde ✓ (1 x 1) (1)
- (b) In die suidelike halfmond is die afwyking van winde na links soos lug vanaf 'n hoogdruk na 'n laagdruk beweeg ✓✓
OF
In die noordelike halfmond is afwyking van winde na regs, soos lug vanaf 'n hoogdruk na 'n laagdruk beweeg ✓✓
(Enige EEN) (1 x 2) (2)
- 1.3.5 Die wind ontstaan in die suidelike halfmond waar die afwyking na links is, soos dit die ewenaar oorsteek wyk dit af na regs ✓✓ (1 x 2) (2)
- 1.3.6 (a) ITKS ✓ (1 x 1) (1)
- (b) Vogbelaaide tropiese oostewinde konvergeer by die ITKS/ekwatoriale laag ✓✓
Intensiewe verhitting veroorsaak vinnige styging van lug en gevolglike kondensasie en die vorming van wolke op 'n groot vertikale omvang ✓✓ (2 x 2) (4)
- 1.4 1.4.1 Isobare ✓ (1 x 1) (1)
- 1.4.2 1020 hPa ✓ (1 x 1) (1)
- 1.4.3 C – Saal ✓
D – Laagdruk ✓ (2 x 1) (2)
- 1.4.4 ITKS het suidwaarts beweeg omdat die Suid-Atlantiese en Suid-Indiese hoogdrukstelsels naby die land is ✓
Die binneland ervaar hoër temperature ✓ (2 x 1) (2)
- 1.4.5 (a) Suid ✓ (1 x 1) (1)
- (b) Drukgradiënt ontstaan ✓✓, as gevolg van hoogdruk oor die oseaan en laagdruk oor die land ✓✓
Lug begin te beweeg vanaf hoog na laag ✓✓, Coriolis-krag begin om die rigting te beïnvloed ✓✓. Die begin om na links af te wyk ✓✓ volgens die wet van Ferrel ✓✓ en veroorsaak dus suidelike winde in plaas van westewinde by die weerstasies ✓✓
(Enige VIER – Verduideliking is belangrik) (4 x 2) (8)

- 1.5 1.5.1 Horisontaalliggende sedimentêre gesteentes ✓ (1 x 1) (1)
- 1.5.2 Dit is steil en geterrasseer. ✓✓ (1 x 2) (2)
- 1.5.3 Die hellings bestaan uit afwisselende sag en hard gelaagde gesteentes ✓✓ Die harde lae is moeilik om te erodeer en veroorsaak steil kranse ✓✓ Die sagte lae is makliker om te erodeer en veroorsaak meer geleideliker hellings ✓✓
(Enige TWEE) (2 x 2) (4)
- 1.5.4 (a) Terugwaartse erosie ✓ (1 x 1) (1)
- (b) Die lae onder die bolaag is minder weerstandbiedend ✓✓
Herhaalde onderkelwing in die sagter gesteentes sal uiteindelik veroorsaak dat die harder boonste laag intuimel ✓✓
Herhaalde onderkelwing en intuimeling sal veroorsaak dat 'n kloof uiteindelik ontstaan ✓✓
(Enige TWEE) (2 x 2) (4)
- 1.5.5 Die rivier is te diep vir enige gebruik in landbou ✓✓
Die steil hellings maak die bou van damme moontlik as die water na ander areas gelei kan word ✓✓
(Enige EEN) (1 x 2) (2)
- 1.6 1.6.1 Lakkoliet ✓ (1 x 1) (1)
- 1.6.2 Dit bestaan uit massiewe stollingsgesteentes ✓
Dit is sampioenvormig ✓
Dit is aan die magmakamer verbind deur 'n pyp ✓ (2 x 1) (2)
- (a) Afskilfering ✓ (1 x 1) (1)
- (b) Uitsetting gedurende die dag en krimpings gedurende die nag ✓✓
Herhaling van hierdie proses sal veroorsaak dat die boonste dele van die gesteente afskilfer ✓✓ (2 x 2) (4)
- 1.6.3 In **Fase 1**, Groot hoeveelhede magma beweeg na die oppervlakte en die druk van hierdie beweging veroorsaak dat die gelaagde gesteentes opwaarts buig ✓✓
In **Fase 2**, die gesmelte magma stol en veroorsaak 'n lakkoliet ✓✓
Gedurende **fase 3**, word die boonste lae deur verwering en erosie verwyder ✓✓
In **fase 4**, is die sagter boonste lae weg geërodeer en ontbloom hierdie harde weerstandbiedende koepel aan die aard-oppervlakte ✓✓
(4 x 2) (8)

[75]

VRAAG 2

- | | | | | |
|-----|-------|-------------------------|---------|-----|
| 2.1 | 2.1.1 | laag ✓ | | |
| | 2.1.2 | Indiese ✓ | | |
| | 2.1.3 | Kreefskeerkring ✓ | | |
| | 2.1.4 | Junie tot September ✓ | | |
| | 2.1.5 | suidwes ✓ | | |
| | 2.1.6 | tropiese ✓ | | |
| | 2.1.7 | makro ✓ | | |
| | 2.1.8 | vloede ✓ | (8 x 1) | (8) |
| 2.2 | 2.2.1 | tektoniese aktiwiteit ✓ | | |
| | 2.2.2 | dongaveld ✓ | | |
| | 2.2.3 | koniese koppie ✓ | | |
| | 2.2.4 | basaltplato ✓ | | |
| | 2.2.5 | butte ✓ | | |
| | 2.2.6 | mesa ✓ | | |
| | 2.2.7 | kaprots ✓ | (7 x 1) | (7) |
- 

- 2.3 2.3.1 A –Chinook ✓
B – Föhn ✓ (2 x 1) (2)
- 2.3.2 windkant ✓ (1 x 1) (1)
- 2.3.3 Aan die windkant van die berg kom kondensasie voor en vog word in die vorm van neerslag vrygestel ✓✓ Soos die wind styg en oor die berg beweeg, word meer vog vrygestel en word uiteindelik droër ✓✓ Aan die lykant veroorsaak dalende lug dat die laaste moontlik vog verdamp soos dit verhit ✓✓ As gevolg van dalende lug aan die lykant is daar geen kondensasie nie ✓✓
(Enige TWEE) (2 x 2) (4)
- 2.3.4 **Chinook**
Die warm lug smelt die sneeu gedurende winter ✓✓
Hierdie veroorsaak dat landbou-aktiwiteite kan voortgaan omdat daar water beskikbaar is. ✓✓ Dit veroorsaak ook meer voordelige werksomstandighede gedurende die kouer maande. ✓✓
Gesmelte sneeu kan ook vloede veroorsaak ✓✓
Föhn
Die intensiewe hitte oor sentraal Europa maak mense lui en siek ✓✓
Produksie word negatief beïnvloed as gevolg van die fisiese dehidrering van mense ✓✓
Droogtes verdor landbougrond ✓✓
Vure ontstaan op landbougrond ✓✓
(Enige VIER – Toestande op beide kontinente moet bespreek word) (4 x 2) (8)
- 2.4 2.4.1 Maritiem tropiese lug ✓ (1 x 1) (1)
- 2.4.2 Die mT lug van Port Nolloth word deur koue water beïnvloed ✓
Die mT lug van Durban word deur warm waters beïnvloed ✓ (2 x 1) (2)
- 2.4.3 Koue seestrome verlaag temperature en reënval ✓✓
Warm seestrome veroorsaak hoër temperature en reënval ✓✓ (2 x 2) (4)
- 2.4.4 Gedurende Julie beweeg die ITKS noordwaarts en die direkte sonstrale is in die noordelike halfrond dus is die temperature laer ✓✓
Gedurende Januarie beweeg die ITKS suidwaarts en die direkte sonstrale is oor die Steenbokskeerkring dus die gevolglike hoër temperature ✓✓ (2 x 2) (4)
- 2.4.5 Bloemfontein is in die binneland geleë met die land wat die temperature beïnvloed ✓✓ Land verhit vinniger as water en stel ook vinniger hitte vry ✓✓
Die land se albedo-effek is baie laag en absorbeer dus die meeste hitte ✓✓
(Enige TWEE) (2 x 2) (4)

- 2.5 2.5.1 A – Cuesta ✓
B – Homoklinale rug / Hogsback ✓ (1 + 1) (2)
- 2.5.2 (a) Terugwyking van die eskarphelling sonder dat die hoogte afneem ✓ (1 x 1) (1)
- (b) Weswaarts ✓ (1 x 1) (1)
- (c) Onderkelwing sal by die minder weerstandbiedende gesteentes aan die oostelike kant van die landvorme voorkom ✓✓ (1 x 2) (2)
- 2.5.3 **Cuestas**
Cuestas het 'n geleideliker duikhelling ✓✓
Landbou aktiwiteite is moontlik as kontoerploeëry toegepas word ✓✓
Nedersettings kan ontwikkel omdat die bou van paaie, spoorlyne, kragrade, ens. moontlik is ✓✓
Homoklinale rug/Hogsback
Homoklinale rûe het 'n baie steil duikhelling ✓✓
Normale menslike aktiwiteite is óf onmoontlik óf baie moeilik en duur ✓✓
Duikhellings van homoklinale rûe word somtyds vir bosbou doeleindes gebruik ✓✓
(Enige VIER) (4 x 2) (8)
- 2.6 2.6.1 Grondkruip ✓ (1 x 1) (1)
- 2.6.2 Leunende pale / heinings ✓
Buigende groeipatrone van bome ✓
Gebreekte steunmuur ✓
Geterrasseerde helling ✓
(Enige TWEE) (2 x 1) (2)
- 2.6.3 (a) 1 cm per jaar (1 x 1) (1)
- (b) Nat-en droogword van die sandkorrels ✓✓
Verhitting en afkoeling van die sandkorrels ✓✓ (2 x 2) (4)
- (c) Hoër reënval gaan die beweging versnel omdat omvangryke uitsetting en krimpings gaan plaasvind ✓✓
Hoe steiler die helling is, hoe vinniger gaan die grond by die helling af beweeg ✓✓ (2 x 2) (4)
- 2.6.4 Steiler hellings kan met sement bespuit of bedek word ✓✓
Steunmure walle kan gebou word om die helling te stabiliseer ✓✓
Erg gekraakte gesteentes kan verstewig word deur bonte by hulle aan te heg ✓✓
Dreineringspype kan in die helling aangebring word om vinniger dreinerings van water uit die grond toe te laat ✓✓
(Enige TWEE) (2 x 2) (4)

[75]

AFDELING B: ONTWIKKELING EN NATUURLIKE HULPBRONNE**VRAAG 3**

- 3.1 3.1.1 E ✓
- 3.1.2 G ✓
- 3.1.3 A ✓
- 3.1.4 H ✓
- 3.1.5 C ✓
- 3.1.6 I ✓
- 3.1.7 B ✓
- 3.1.8 D ✓ (8 x 1) (8)
- 3.2 3.2.1 Moedergesteente ✓
- 3.2.2 R-horison ✓
- 3.2.3 C-horison ✓
- 3.2.4 O-horison ✓
- 3.2.5 A-horison ✓
- 3.2.6 R-horison ✓
- 3.2.7 Reënval ✓ (7 x 1) (7)
- 3.3 3.3.1 Menslike Ontwikkelings Indeks ✓ (1 x 1) (1)
- 3.3.2 GDP/capita ✓
Geletterdheid (Opvoeding) ✓
Lewensverwagting ✓
(Enige EEN) (1 x 1) (1)
- 3.3.3 (a) Ontwikkelde lande – Y ✓✓
Ontwikkellende lande – X ✓✓ (2 x 2) (4)
- (b) Die Gini-koëffisiënt verwys na die oneweredige verspreiding van rykdom in lande, en konsentreer dus net op ekonomiese ontwikkeling ✓✓
Die MOI kombineer sosiale en ekonomiese aanwysers om tussen ontwikkelde en ontwikkelende lande te onderskei ✓✓
Beide aanwysers verskaf 'n punt uit 1, maar by die MOI is 'n punt naaste aan 1 meer ontwikkel teenoor die Gini waar 'n punt naaste aan 1 baie swak en oneweredige verspreiding van rykdom aandui ✓✓
(Enige TWEE) (2 x 2) (4)

- 3.3.4 Die bevolking is nog jonk en is 'n ekonomiese las vir die land ✓✓
 Jeugdiges kan nie die werksektore betree nie ✓✓
 Hoë bevolkingsgroei sal meer druk op natuurlike en menslike
 hulpbronne plaas ✓✓ Oorkonsentrasie van skole lei tot swak opvoeding
 en lae vaardigheidsvlakke, wat 'n negatiewe invloed op toekomstige
 produksie mag hê ✓✓
(Enige TWEE) (2 x 2) (4)
- 3.4 3.4.1 Die balans tussen 'n land se invoere en uitvoere. ✓
(Konsep) (1 x 1) (1)
- 3.4.2 (a) Die houer met invoere is groter ✓
 Die persoon worstel om die uitvoere vas te hou, wat impliseer dat
 minder uitvoere voorkom ✓
(Enige EEN) (1 x 1) (1)
- (b) Kwotas ✓
 Embargo's ✓
 Subsidies aan boere om meer produkte te produseer ✓
 Tariewe op goedere ✓
(Enige TWEE) (2 x 1) (2)
- 3.4.3 Beter handelverhoudings sal gevestig word ✓✓
 Geen beperkings op sekere goedere ✓✓
 Produkte sal teen 'n billike prys na ander lande uitgevoer word ✓✓
 Meer produksie op ooreengekome produkte gaan na die wêreldmark ✓✓
(Enige TWEE) (2 x 2) (4)
- 3.4.4 Dit sal sterker internasionale verhoudinge bou ✓✓
 Lande sal buitelandse valuta verdien ✓✓
 Verbeterde werkseleenthede ✓✓
 Beter industrialisasie en invoervervanging ✓✓
 Dit sal armoede verlig ✓✓
 Handel help met kapasiteitsbou ✓✓
 Infrastruktuur sal ontwikkel en opgegradeer word ✓✓
 Vermenigvuldigingseffek sal in werking kom, waar een ontwikkeling
 sal lei tot die ontwikkeling van vele ander sektore ✓✓
(Enige VIER) (4 x 2) (8)
- 3.5 3.5.1 Beligting ✓ (1 x 1) (1)
- 3.5.2 Bevolkingstoename sal energieverbruik vermeerder ✓ (1 x 1) (1)
- 3.5.3 Meer huishoudings gebruik elektrisiteit ✓✓
 'n Groter persentasie van Suid-Afrika se huishoudings is verbind aan die
 elektrisiteitsrooster. ✓✓
(Enige EEN) (1 x 2) (2)

- 3.5.4 Meer finansiële uitgawes op die uitbreiding van die energierooster en die bou van kragstasies. ✓✓
 Druk op die huidige energievoorsiening veroorsaak beurtkrag, wat ekonomiese groei vertraag. ✓✓
 Ontginning van meer steenkool sal die hulpbron vinniger uitput met gevolglike werksverliese en afname in uitvoere. ✓✓
(Enige TWEE) (2 x 2) (4)
- 3.5.5 Skakel die ligte in vertrekke, waar daar niemand is nie, af ✓✓
 Stort eerder as om te bad ✓✓
 Stel die warmwatersilinder teen 5 °C laer ✓✓
 Gebruik slegs verwarmers wanneer nodig, dra eerder warm klere ✓✓
 Gebruik sonkragpaneel ✓✓
 Vervang die gloeilampies met hoër doeltreffendheid, laer watt gloeilampies ✓✓
 Moenie die waterketel te vol maak nie, kook slegs die hoeveelheid wat nodig is ✓✓
 Was klere in koue water eerder as warm water ✓✓
 Gebruik die wasgoed lyn eerder as die tuimeldroër ✓✓
 Gebruik minder ornamentele ligte ✓✓
 Maak die yskasdeur minder oop ✓✓
(Enige VIER) (4 x 2) (8)
- 3.6 3.6.1 Termiese energie / Gebruik van steenkool ✓ (1 x 1) (1)
- 3.6.2 Die hulpbron wat deur die industrieë gebruik word is 'n nie-hernubare hulpbron. ✓✓ (1 x 2) (2)
- 3.6.3 (a) Koolstofdioksied ✓
 Koolstofmonoksied ✓
 Stikstofoksied ✓
(Enige EEN) (1 x 1) (1)
- (b) Aardverwarming ✓
 Suurreën ✓ (2 x 1) (2)
- 3.6.4 Mense gebruik aanhoudend 'n nie-hernubare hulpbron ✓✓
 Ontginning van die hulpbron veroorsaak omgewings skade ✓✓
 Ekosisteme en habitate word verwoes ✓✓
 Die gasse wat vrygestel word veroorsaak klimaatverandering ✓✓
 Biodiversiteit word verwoes ✓✓
(Enige TWEE) (2 x 2) (4)
- 3.6.5 Dit is 'n groot verskaffer van werkseleenthede. ✓✓
 Suid-Afrika het groot steenkoolreserwes en dit verdien buitelandse valuta ✓✓
 Steenkool vorm die basis van ander industrieë soos seep vervaardiging, Sasol, ens. ✓✓
 Dit is relatief goedkoop om te ontgin en goedkoop om krag op te wek, dus betaal industrieë laer pryse vir energie in vergelyking met ander plekke in die wêreld ✓✓
(Enige TWEE) (2 x 2) (4)

[75]

VRAAG 4

- 4.1 4.1.1 Kern-periferie model ✓
- 4.1.2 Volhoubare ontwikkelingsmodel ✓
- 4.1.3 Rostow se model ✓
- 4.1.4 Kern-periferie model ✓
- 4.1.5 Rostow se model ✓
- 4.1.6 Volhoubare ontwikkelingsmodel ✓
- 4.1.7 Kern-periferie model ✓ (7 x 1) (7)
- 4.2 4.2.1 Hernubaar ✓
- 4.2.2 Nie-hernubaar ✓
- 4.2.3 Hernubaar ✓
- 4.2.4 Hernubaar ✓
- 4.2.5 Hernubaar ✓
- 4.2.6 Nie-hernubaar ✓
- 4.2.7 Nie-hernubaar ✓
- 4.2.8 Nie-hernubaar ✓ (8 x 1) (8)
- 4.3 4.3.1 Die proses waar lede van die gemeenskap bymekaar kom om gesamentlike aksie te neem om ontwikkeling te bevorder ✓
(Konsep) (1 x 1) (1)
- 4.3.2 Sosio-ekonomiese ontwikkeling vir arm gemeenskappe ✓
Verbeter die welsyn van huishoudings in landelike gemeenskappe aansienlik ✓ (2 x 1) (2)
- 4.3.3 Dit is voorgestel aan talle huishoudings regoor Suidelike Afrika ✓✓
Alle lede van die gemeenskap word genooi om dit by te woon ✓✓
Opleiding dek verskeie modules oor landbou en voedselsekureit ✓✓
(Enige EEN) (1 x 2) (2)
- 4.3.4 Monitering maak seker dat die aardighede wat opgedoen is, korrek geïmplementeer word ✓✓
Dit maak seker dat deelnemers aan die programme enige uitdaging kan hanteer ✓✓ (2 x 2) (4)

- 4.3.5 Dit help met landbou-uitbreiding ✓✓
 Dit is gesentreer rondom die ontwikkeling van menslike hulpbronne ✓✓
 Dit verhoog organisering en ontwikkel administratiewe vaardighede ✓✓
 Help met die verstaan van gesondheid en gesondheidsdienste ✓✓
 Help met nasiebou ✓✓
 Dit verbeter infrastruktuur en die gebruik van moderne tegnologie ✓✓
 Dit verhoog die lewensstandaard en bemagtig vroue ✓✓
(Enige DRIE) (3 x 2) (6)
- 4.4 4.4.1 Multilateraal ✓ (1 x 1) (1)
- 4.4.2 Meer as een organisasie (verskillende mense) is besig om hulp te verskaf. ✓ (1 x 1) (1)
- 4.4.3 Die hulp verskaf net 'n tydelike oplossing vir die probleem, maar het nie 'n langtermyn voordeel vir die gemeenskap nie ✓✓ (1 x 2) (2)
- 4.4.4 (a) Humanitêre hulp ✓ (1 x 1) (1)
- (b) Die foto illustreer 'n baie droë omgewing, dus is die hulp tydens droogtegeteisterde tye ✓✓ (1 x 2) (2)
- 4.4.5 Dit kan die tempo van ekonomiese groei verhoog ✓✓
 Help met die ontwikkeling van hulpbronne en voorsiening van energie ✓✓
 Bemoedig en help om toepaslike tegniese stelsels te implementeer ✓✓
 Verskaf werk in nuwe nywerhede ✓✓
 Verminder die behoefte aan sekere ingevoerde goedere ✓✓
 Help met landbouproduksie deur die gebruik van moderne tegnologie ✓✓
 Voorsien primêre gesondheidsorg soos die voorsiening van inspuittingsprogramme en die opleiding van verpleegkundiges ✓✓
 Help met gesinsbeplanning ✓✓
 Voorsien aan studente beurse om in die buiteland te studeer ✓✓
 Voorsien tegniese bystand aan regerings wat ontwikkelingsprogramme implementeer ✓✓
 Kan ook help om menseregte en waardigheid te beskerm ✓✓
(Enige VIER) (4 x 2) (8)
- 4.5 4.5.1 Wind-energie ✓ (1 x 1) (1)
- 4.5.2 Dit maak voëls dood. ✓
 Dit is nie altyd beskikbaar nie. ✓ (2 x 1) (2)
- 4.5.3 Geen steenkool of water word gebruik nie ✓✓
 Geen uitlating van kweekhuysgasse nie, dus dra dit nie by tot aardverwarming nie ✓✓
 Daar is geen giftige of gevaarlike afvalprodukte nie ✓✓
 Die gebied onder die windpompe kan gebruik word vir die verbouing van gewasse ✓✓
 Boere kan huurgeld van die windkrag-maatskappy kry ✓✓
(Enige TWEE) (2 x 2) (4)

- 4.5.4 (a) Wanneer meer omgewingsvriendelike bronne gebruik word om elektrisiteit op te wek $\checkmark\checkmark$ (1 x 2) (2)
- (b) Nuwe masjinerie moet vervaardig word, wat lei tot verhoogde werksgeleenthede $\checkmark\checkmark$
 Nie-konvensionele energie kan gegenereer word in kleiner gebiede en streke, wat die ekonomie van afgeleë gebiede verhoog $\checkmark\checkmark$
 Verhoging van die gebruik van nie-konvensionele energie sal die prys van fossielbrandstof verlaag, wat Suid-Afrika kan bevoordeel $\checkmark\checkmark$ (3 x 2) (6)
- 4.6 4.6.1 Wanneer ons die hulpbron op so manier gebruik dat toekomstige generasies ook uit dieselfde hulpbron voordeel trek. \checkmark
(Konsep) (1 x 1) (1)
- 4.6.2 Herwinning is wanneer 'n hulpbron gebruik word om ander produkte te maak, en Herverbruik verwys na die gebruik van 'n hulpbron meer as een keer sonder om dit te vernietig. $\checkmark\checkmark$ (1 x 2) (2)
- 4.6.3 Skep werksgeleenthede en selfstandige geleenthede $\checkmark\checkmark$
 Nuwe masjiene en fasiliteite verbreed die vaardighede en kennisvlakke van werkers $\checkmark\checkmark$
 Minder gebruik van produkte, spaar baie geld vir individue, wat êrens anders gebruik kan word. $\checkmark\checkmark$
(Enige TWEE) (2 x 2) (4)
- 4.6.4 Dit verminder vullisafval $\checkmark\checkmark$
 Behou natuurlike hulpbronne. $\checkmark\checkmark$
 Bewaar woude en ander natuurlike habitate $\checkmark\checkmark$
 Verminder energieverbruik $\checkmark\checkmark$
 Verminder besoedeling en aardverwarming $\checkmark\checkmark$
(Enige VIER) (4 x 2) (8)
- [75]**

GROOTTOTAAL: 225